


Laerskool Louis Leipoldt

Leipieland

graad R

Inligting 2019



Inhoudsopgawe

1. Leerprogram
2. Belangrike dokumente
3. Dagprogram
4. Graad R skryfbehoeftes
5. Verversingstyd
6. Skoolure
7. Afwesighede
8. Kleredrag
9. Toelatingsbeleid
10. Veiligheid en afhaal van leerders
11. Ouerbetrokkenheid
12. Tuisaktiwiteite
13. Dissipline
14. Speelgoed vanaf die huis
15. Gesondheid en veiligheid
16. Beskerming teen die son
17. Skoolfonds
18. Algemene inligting
19. LO
20. Musiek
21. Buitemuurse aktiwiteite
22. Belangrike datums
23. Broodjieprojek
24. Kuierklas
25. Lys van naskole in die omgewing



1. Leerprogram

Die leeraktiwiteite vir die jaar is gebaseer op temas wat relevant tot die leefwêreld, ouderdom en belangstellings van voorskoolse leerders beskou word. Ons leereenhede fokus op jong leerders se persoonlike ontwikkeling, hul tuistes, die gemeenskap en breë omgewing. Ons het weekliks 'n nuwe tema. Saam met elke tema sal daar 'n klankie aan die leerders bekendgestel word en word slegs insidenteel en ouditief aangeleer. Leerders word dus nie in Graad R geleer lees en skryf nie.

In Graad R word daar geleer deur wyse van spel en daarom word daar op 'n daaglikse basis voorsiening gemaak vir vryspel binne en vryspel buite. Die aktiwiteite vir vryspel binne skakel ook aan by die geïdentifiseerde onderwerpe van die leereenhede. Hierdie aktiwiteite is daarop gerig om die leerders se fyn-motoriese koördinasievaardigede te ontwikkel deur aktiwiteite soos knip, plak en modelleer met klei, ook om die leerders dmv teken en verf aktiwiteite voor te berei vir skryfvaardighede. Die aktiwiteite vir vryspel buite, fokus op groot-motoriese koördinasie en beweging.

2. Belangrike dokumente

U moet asseblief afskrifte van die volgende dokumente tydens die kuierklas inhandig by u kind se onderwyseres:

Dokumente	✓
Geboortesertifikaat	
X2 ID dokumente van hooflid van die medieseskema	
X2 Kopieë van die mediese kaart	
Immuniseringskaart	
Verslae van terapeute	

- *Die kantoor het reeds hierdie inligting maar onderwyseresse het dit nodig vir leerderprofile.*

3. Dagprogram

Dit is belangrik vir die leerders om betyds te wees vir skool aangesien vryspel 'n belangrike komponent van leer en die dagprogram is.

4. Graad R skryfbehoeftepakket (verplichtend)

Die onderwyseresse versoek dat die pakket by 10/10 Skryfbehoeftewinkel aangekoop word, nie net om ongelukkigheid en teleurstelling onder die leerders te verhoed nie, maar ook om die stoor daarvan te vergemaklik. Dit is klaar opgemaak vir u gerief. Die pakket is reeds beskikbaar by 10/10. Onthou om te sê of u kind linkshandig of regshandig is, sodat hulle die regte skêr kan insit. U kan enige stuk legkaart aanvra, dit hang af hoeveel stuk legkaart u kind kan bou.

- Indien u self die pakket bymekaar wil maak, onthou asb om die voorgeskrewe handelsname te koop omdat ons al ander beproef het en gevind het dat dit nie so goed werk nie.
- Stuur asb die **hele** pakket skool toe tydens die kuierklas. Die onderwyseresse stoor die ekstra skryfbehoeftes vir wanneer dit nodig is.
- Stuur asb ook 'n kindervriendelike storieboek - nie ingesluit by die pakket nie (word geskenk aan u kind se klas vir die leeshoekie)
- Merk **ELKE** potlood, uitdraaikryt, ens duidelik.
Moet asb nie 'n groot tas skool toe stuur nie, die spasie is beperk. 'n Rugsak sal voldoende wees omdat daar net ekstra klere, die onthouboekie en kosblikke moet inpas.

5. Verversingstyd

Ontbyt is baie belangrik en is verplichtend. Kinders kan nie die veeleisende skooldag op 'n leë magie begin nie. 'n Gemerkte kosblik met verversings word saamgebring vir ongeveer 09:15 en 11:30. Dit mag slegs bestaan uit voedsame, gesonde kos en vrugtesap wat goed verseël is. **Geen** lekkers, skyfies, koekies en gas- of energiekeoldrank nie. Eerder gesonde broodjies, slaai, vrugte, groente, vleisies, kasies, jogurt ens. **Geen** kos word by die skool warm gemaak nie. Vrydae word snoepie in die klaskamer verkoop aan die leerders. Die onderwyseresse maak R7 snoepiepakkes op. Indien daar wins is, sal dit vir die Graad R fonds aangewend word.

Verjaarsdae

Partytjies mag tydens skooltyd gehou word maar dit moet vooraf gereël word met u klasonderwyseres.

6. Skoolure

Die skool begin elke oggend om 07:30 en kom 13:00 uit. Leerders kan al van 07:00 soggens aankom. Daar is geen onderwyseres op toesig voor 07:00 nie. Indien daar 'n ouer boetie of sussie is, kan hulle vir boetie/sussie oppas tot 07:00. Enige leerder wat voor 07:00 op die Graad R terrein is, is op eie risiko daar. Soms is die onderwyseresse vroeg by die skool om voorbereidings vir die dag te doen. Daar sal nogtans geen toesig wees voor 07:00 nie.

'n Leerder wat laat is soggens moet deur die kantoor inkom waar ouers 'n briefie onderteken wat hy/sy aan die onderwyseres toon wat wys dat hy/sy deur sy/haar ouers vergesel is. Volgens departementele reëls word leerders afwesig gemerk na 07:45.

Leerders moet asb afgehaal word wanneer die skool uitkom. Wagklas is slegs in plek vir leerders met ouer boeties of sussies in die skool wat later uitkom.

Daar is 'n boetestelsel in plek vir laatkommers in die middag. Daar sal op 'n latere stadium meer inligting hieroor gegee word.

7. Afwesighede

Leerders mag nie afwesig wees tensy hulle siek is nie. Assessering word deurlopend gedoen maar daar is ook twee assesseringsweke per kwartaal en daarom is dit baie belangrik om gereeld by die skool te wees. Dit is nie moontlik vir die onderwyseresse om die assessering op ander tye in te haal nie. Ouers moet asb die skool laat weet wanneer 'n leerder afwesig gaan wees. Volgens departementele beleid, as 'n leerder 10 dae of langer afwesig is sonder 'n verskoning, moet hy/sy geherregistreer word.



8. Kleredrag

Gemaklike draklere (nie nuwe klere) wat maklik los- en vasgemaak kan word tydens toiletroetine. Vir ingeval daar glipsies of ongelukkies is moet u asb 'n ekstra stel klere inpak skool toe, om u kind enige verleentheid of ongemak te spaar. Elke Vrydag moet die Graad R leerders hul blou Leipland hemde aantrek. Die Leipie Hypie klerewinkel het die hempie te koop. Dogters trek 'n broek/spanbroekie onder rokke aan. Alle klere moet gemerk wees.

- Die onderwyseresse is nie verantwoordelik vir verlore klere of skoene nie. Dit is die leerders se verantwoordelikheid om klere, skoene ens in hul tasse te sit.
- Onthou om ALLE klere en skoene te merk
- Klere wat langer as 'n week nie opgeëis is nie word geskenk aan die Leipie Omgee projek.

9. Toelatingsbeleid

Graad R maak slegs voorsiening vir leerders van 5 tot 6 jaar. Die leerder kan Graad R toe kom in die jaar waarin hy/sy 6 word. Leerders is skoolpligtig die jaar waarin hulle 7 word.

10. Veiligheid en afhaal van leerders

- Die Graad R leerders se terrein is omhein en heeltemal van die res van die skool afgesluit. Die buitehekke van die skool is bedags gesluit (07:30 - 13:00) en toegang tot die skool kan slegs deur die hoofingang (Pretoriuslaan) te gebruik, verkry word.
- Wanneer leerders soggens by die skool afgelaai word, mag die hekkie in Monumentlaan gebruik word.
- Afhaal van leerders: streng maatreëls sal hier toegepas word. Geen persoon behalwe ouers mag 'n leerder kom afhaal tensy anders gereël word met u kind se onderwyseres nie. GEEN leerder sal aan ENIGE persoon oorhandig word, sonder toestemming van sy ouers nie.

- Ouers mag nie voor klasse wag voor die skool uitkom nie. Hulle mag slegs by die hekke inkom wanneer dit oopgemaak word. Dit is steurend vir die onderwyseres wanneer ouers buite haar deur staan en sy wil afsluit en leerders is dan onrustig.
- Leerders mag nie vroeër opgelaaï word nie, slegs wanneer daar 'n reëling met die onderwyseres getref is.
- Ouers kan hul kinders tot binne die klas vergesel gedurende die eerste kwartaal. Vanaf die tweede kwartaal kan ouers tot by die klas saam met die leerders stap, maar nie tot binne die klas nie. Die leerders moet hul eie tasse bêre en die onthouboekies by die juffrou neersit. Die leerders wat dan al gemaklik is om self vanaf die hek te stap, kan al vanaf die derde kwartaal self klastoe stap. Hierdeur leer die leerder om selfstandig en verantwoordelik te wees.

11. Ouerbetrokkenheid

Daar word van ouers as vennote in die opvoedingsproses verwag om voortdurend betrokke te wees by alle aspekte van die kind se ontwikkeling. Oueraande en afspraak (vooraf gereël) maak voorsiening vir gereelde kommunikasie asook ons onthouboekies (A5 dagboek wat in 2018 ontvang sal word) wat sal dien as kommunikasiemiddel tussen die onderwyseres en u as ouers vir yskasbriewe, ligte beserings, boodskappe, belangrike datums en inligting.

Weeklikse yskasbriewe word in die kommunikasieboekie gesit met belangrike datums, tema van die week, tuiswerk, ens daarop. Gesels asseblief met die onderwyseres na skool (per afspraak) of gebruik die kommunikasieboekie. Die nuwe maatjies gaan al die juffrou se aandag nodig hê in die oggend. U as ouer moet op die volgende let: geen afspraak/gesprekke of probleme word voor skool hanteer nie, maak asb 'n afspraak in u kind se boek aangesien tyd beperk is.

- Los nuusbriewe moet elke dag uitgehaal word
- U moet daaglik kyk vir boodskappe in die boeke



- Ongelukkig mag onderwyseresse nie hul persoonlike nommers uitgee nie. Ouers kan gerus die skool kontak en 'n boodskap los.

12. Tuisaktiwiteite

Dit is baie belangrik vir die Graad R leerders om baie te speel en daarom het ons besluit om tuisaktiwiteite minimaal te hou. Elke Dinsdag sal tuisaktiwiteite op die yskasbrief gegee word. 'n Voorbeeld daarvan vir die week is as volg: knip prentjies uit tydskrifte wat pas by die tema van die week, trek nuwe letters en syfers na, oefen die klankie van die week ouditief, oefen om 'n mensfiguur te teken.

13. Dissipline

Die leerders word deur positiewe aanmoediging en beklemtoning van die korrekte en sosiaal aanvaarbare gedrag gelei. Hulle moet leer om met die maatjies te deel en saam te speel. Ons verwyder die leerder uit die groep en laat 'n afkoelperiode toe voordat hy/sy weer by die maatjies kan inskakel of neem sekere voorregte weg. Indien gedragprobleme voortduur sal dit met u as ouers bespreek word. Die Graad R leerders is deel van die skool se gedragstelsel en dissiplinestelsel. Positiewe en negatiewe gedrag word in die onthouboekie aangeteken.

14. Speelgoed vanaf die huis

Geen speelgoed vanaf die huis word toegelaat nie omdat dit konflik onder die maatjies veroorsaak en maklik weggraak. Elke klas het voldoende speelgoed om in al die kinders se behoeftes te voorsien. Tensy dit spesifiek deur die onderwyseres aangevra word, moet die leerders hul eie speelgoed by die huis laat.

15. Gesondheid en veiligheid

Ons poog om die kinders en personeel so gesond en veilig as moontlik te hou en vra u samewerking hiervoor. Geen kind wat 'n aansteeklike siekte onder lede het, sal by die skool toegelaat word, totdat die aansteeklike periode verby is nie. Wanneer 'n kind by die skool siek word, sal hy in die siekekamer

gehou word totdat hy afgehaal word. In 'n noodgeval sal die nodige hulp en bystand verleen word. Ouers sal onmiddelik in kennis gestel word. Geen kroniese medikasie sal deur die skool toegedien word nie. Indien u kind wel medikasie moet ontvang moet die volgende in die *kommunikasieboek* geskryf word:

- Die dosis
- Die tyd en tussenposes van toediening
- Die naam van die medisyne

Medisynebottels moet gemerk word en saam met 'n lepeltjie gestuur word. Gebeure in die kind se huis en omgewing mag sy/haar gedrag beïnvloed. Lig u kind se onderwyseres asseblief in van enige traumatiese gebeure sodat sy u kind kan bystaan en help om daarby aan te pas. LET WEL: Volgens departemente regulasies mag geen medikasie aan leerders vanuit die klas/kantoor toegedien word nie, en sal ons u in kennis stel as u kind olik is.

Kopluise

Met betrekking tot kopluise is die departement beleid: Indien luise of nete op die leerder se kop gevind word, sal ons u onmiddelik in kennis stel om die leerder te kom haal. Die leerder mag nie weer terug kom skool toe, tot die koppie skoon is nie. Die onderwyser en ouer sal saam die koppie ondersoek voordat die leerder weer toegelaat word nie

16. Beskerming teen die son

Ons versoek u om soggens voor skool sonblok aan u kind te smeer.



17. Skoolfonds

Al die lopende onkoste van die Graad R klasse word deur die skoolfonds gedra. Die klasse word deur die beheerliggaam bedryf en ontvang geen subsidie van die onderwysdepartement nie, daarom moet skoolfonds stiptelik betaal word.

18. Algemene Inligting

Artikels wat u bymekaar kan maak en op Vrydag skool toe stuur:

- Ou tydskrifte
- Gebruikte wit papier wat aan een kant ongedruk is.
- Toilettrolletjies
- Klein proppies bv: van tandepastabuisies
- Wol
- Eierdoppe
- Sade
- Polistireenbakkies (nie vleisbakkies nie)



19. LO

Graad R leerders is twee keer per week vir 30 min by die LO juffrou. LO vervang nie die bewegingsaktiwiteit van Graad R dagprogram nie, maar vervang 2 uit 3 bewegingsperiode in 'n week. Dogters moet 'n kortbroek of spanbroekie onder rokkies aantrek.

20. Musiek

Omdat musiek voorgeskryf in die KAVS kurrikulum het leerders twee keer per week 'n musiekperiode. Musiek word ook in die klasse aangebied regdeur die Graad R program.

21. Buitemuurse aktiwiteite

Die volgende betaalbare buitemuurse aktiwiteite is beskikbaar tydens vryspel:

- Ballet
- Gimnastiek
- Rekenaars
- Stoei
- Kinderkinetics
- Rugga champs



Alle betalings moet oor die internet gedoen word. Geen kontant mag skool toe gestuur word nie. Ander buitemuurse aktiwiteite is ook beskikbaar na skoolure:

- Minikrieket
- Bulletjierugby

Meer inligting hieroor sal nader aan die seisoen deurgegee word.

22. Belangrike datums

- 8 Januarie 2019 - Kuierklas
- 9 Januarie 2019 - Skool begin



23. Broodjieprojek

Leipieland het hulle eie broodjieprojek vir minder bevoorregte kindertjies. Juffrou Chanel van Niekerk hanteer die broodjieprojek. Ouers wat belangstel om deel van die projek te wees, is welkom om te gesels.

24. Kuierklas

Die 8de Januarie 2019 (dag voor skool begin) wil ons graag die leerders ontmoet en hulle kan kom kennis maak met hulle jufrou en klas. Hulle gaan sien waar hulle name op die kunsmuur is en waar hulle tasse gebêre gaan word. Die leerders kan ook saam met hulle ouers 'n kort kunsaktiwiteit geniet. Leerders kan saam met hulle ouers enige tyd vanaf 08:30 - 10:00 kom kuier.

NB. Bring asseblief skryfbehoeftes en belangrike dokumente saam. **Ons sien baie uit daarna om die nuwe Leipies in Leipieland te ontmoet!**



25. Lys van naskole in die omgewing

Carpe Diem	Pretoriuslaan	Daphne	082 336 6522
In Loco Parentus	Selbornelaan	Agenita	012 664 1204
Huis Monica	Monumentlaan	Monica	082 410 7910
Naskoolpret	Monumentlaan	Giona	083 611 8514
Siembamba	Van Riebeecklaan	Martie	012 664 2554
Sproetjies en Goedjies	NG Doringkloof Leoniestraat	Joan	082 469 7286
Kiewietnes	Mahoniestraat	Karen	083 983 4024
Skooltyd	Burgerlaan	Vedette	072 606 8738

